

2.17

KASSIERE EN INBETALING VAN FONDSE

Bestek: Die beleid bepaal die hantering van deposito's by die kassiere en stipuleer die funksies van die kassiere.

Beleid:

KONTROLERING EN HANTERING VAN DAAGLIKSE KASSIERDEPOSITO'S

VP1 = Die Verantwoordelike Persoon wie die geld tel en die kassiertotale kontroleer

VP2 = Die Verantwoordelike Persoon (Studentegelde) wie die tweede sleutel van die kluis in besit het

VP1 kontroleer die korrektheid van kontant, tjeks en bankinbetalingsbewyse, met ander woorde FKT-kontrole moet ooreenstem met fisiese kontant, tjeks, kredietkaart totaal soos gedruk ("banking" bewys) en bankinbetalingsbewyse. Kassiertotaalopsommings word geteken deur kassier en VP1 (Alle afskrifte in depositoboek). Die betrokke persoon neem dan verantwoordelikheid vir die deposito's.

VP1 kontroleer daagliks die korrektheid van kassiere se voorskot en teken daarvoor op voorgestelde vorm vir voorskot, surplusse en tekorte.

Surplusse en Tekorte:

Word aangegeteken op voorgestelde vorm vir voorskot, surplusse en tekorte. Hierdie vorm moet daagliks voltooi en geteken word deur die kassiere en VP1. Hierdie voltooide vorm sal gereeld deur die Hoof: Fondse- en Batebestuur gekontroleer word. Op maandeinde word die vorm na Afdeling Fondse- en Batebestuur gestuur vir liassing.

Surplusse – Maak kwitansie uit op B001 8608 met nodige verwysings.

Kontant, tjeks en posorders word op dieselfde dag van ontvangs in die teenwoordigheid van die kassier, saam met die bankdepositostrokie en gedrukte tjeeklys, verseël in sakke wat deur die bank voorsien word en in US kluis (sleutels in besit van VP1 en VP2) geplaas.

Bankinbetalingsbewyse, kredietkaartbewyse en voorskot (kontant) word afsonderlik in US kluis geplaas.

VP1 en VP2 sluit dan die volgende dag die kluis oop en oorhandig die verseêlde depositosakke aan 'n amptenaar van Standard Bank.

FUNKSIES VAN DIE KASSIERE

Korrekttheid van tjeks

- Kontroleer korrektheid van datum op tjeek
- Kontroleer dat tjeek geteken is
- Kontroleer dat begunstigde korrek is – let op na kruising op tjeks
- Kontroleer dat woorde en syfers ooreenstem

Kredietkaartbetaling

- Doen daagliks 'n "banking"
- Afskrifte van kredietkaartstrokkies aan Fondse- en Batebestuur en oorspronklike vir liassing by kassier
- Bring kwitansienommer aan op bewysstrokkie as verwysing

Kontak afdeling:

Studentegelde